Sing vooraf: Psalm 78:8 (p. 391)

8 "Kan God vir ons hier ooit 'n tafel sprei? / Hy het geslaan, die rots in twee laat skei –
maar in 'n land van dors so dubbeldood, / hoe skaf Hy vir sy volk hier vleis en brood?"
Toe 't God gehoor, 'n vuur is aangesteek, / en gramskap het teen Jakob uitgebreek.

9 Hy het beveel, en wolke 't aangewaai, / die hemeldeure 't ylings oopgeswaai:
geheimnisvol het manna neergestort, / en hemelkoring het hul brood geword.
Die wonderbrood, hul volop toegemeet, / die eng'lespys het hul op pad geëet.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 107:4 (p. 534)

4 Hy het hul matte skrede / gelei op regte baan
om tot bewoonde stede / met blydskap in te gaan;
met kostelike goed / het Hy hul begenadig,
met brood hul daar gevoed, / met water hul versadig.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet bely ons voor God ons opregtheid om Hom te dien en te eer met Psalm 81:1, 4 (p. 411).

Wet

Psalm 81:1, 4 (p. 411)

1 Laat ons nou die HEER / wat sy volk verbly het / deur sy sterkte, eer!
Hom, die grote God, / wat weer feesgenot / vir sy volk berei het.

4 Want dis die bevel / wat alom weerklink het / onder Israel;
dis die groot gebod / van 'n troue God / wat aan ons gedink het;

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 147:3 (p. 706)

3 Sing daarom voor die HEER u dank, / psalmsing Hom by die siterklank!
Hom wat die lug met wolke oorsprei / en vir die aarde reen berei,
wat op die berge gras en kruid, / die voedsel vir die vee laat spruit,
die rawe-nes op milde wys / versorg, wanneer dit roep om spys.

Skriflesing: Jesaja 4

Teks: Jesaja 4:5; Kategismus Sondag 50

Dan skep die HERE oor elke woonplek van die berg Sion en oor sy plekke van samekoms 'n wolk bedags en rook met die glans van vuurvlamme in die nag; want oor alles wat heerlik is, sal daar 'n beskutting wees. (Jesaja 4:5 AFR1953)

Die Here wil in Sion woon. In die Dawidstad. Dit is die Ou-Testamentiese beeld.

Nuwe-Testamenties sou ons sê God wil in sy gemeente woon.

- Soos 'n vader tussen sy kinders.
- In die Nuwe-Testamentiese taal sê ons dat God in Jesus Christus en die Heilige Gees in sy gemeente woon.

Dit klink byna ongelooflik dat die Here op so 'n wonderbaarlike wyse tussen ons sondaarmense kom woon.

- Dit is in elk geval die wyse waarop ons Vader in die hemel sy guns en genade aan ons bewys.
    - Waar God woon, is daar vanselfsprekend geen honger nie.
    - Sy seën word oor sy kinders daarin geopenbaar dat Hy hulle met brood versadig.
    - 'n Mensevader sal nie eers tussen sy kinders woon en hulle laat sterf van honger nie. Hoe sal die hemelse Vader dan tussen sy kinders woon en geen brood aan hulle gee nie?

Dit is met hierdie belofte in ons ore, naamlik dat God onder ons woon om die behoeftiges met brood te versadig, dat ons bid om daaglikse brood.

As ons bid dat God ons ons daaglikse brood moet gee, is dit hoegenaamd geen bevel nie.

- Dit is 'n gebed dat God middellik in ons daaglikse behoeftes sal voorsien.
- Dit beteken nie dat daar 'n wonderwerk moet gebeur dat ons meteens voedsel en kleding sal hê nie.
- Dit behels dat ons bid dat ons deur arbeid die nodige kan verdien.

Daaglikse versorging is 'n goeie gawe van God – of soos Jakobus dit stel:

Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie.
(Jakobus 1:17 AFR1953)

Niemand het hierdie gawes van daaglikse versorging uit sy eie krag nie. Die Here Jesus leer om dit van Bo af te bid.

As ons bid vir brood, bid ons nie net vir brood alleen nie – ons bid vir alle noodsaaklike liggaamlike behoeftes.

- Die Here Jesus noem dit alles by die naam *brood* omdat brood die noodsaaklikste is vir die onderhoud van die tydelike lewe.
- Dit is soos die Psalmdigter ook skryf: Die Here woon in Sion.

  Sy voedsel sal Ek ryklik seën, sy behoeftiges versadig met brood;
  (Psalms 132:15 AFR1953)

- Behoeftiges is armes. Die Here verskaf daar aan hulle brood.
    - Dit is lewensmiddele.
    - Eintlik gee die Vader in oormaat, want Hy gee tot versadiging toe.

Ons het die brood van die lewe, want ons ontvang ons middele deur die krag van die Here Jesus Christus. Daarom kry ons soveel meer uit die hand van die Vader. Daar is vir ons geskryf:
Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, aan hom 'n klip sal gee; en as hy 'n vis vra, aan hom 'n slang sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee aan die wat Hom bid!
(Matteus 7:9-11 AFR1953)

Dit beteken dat die Here Jesus Christus nie net vir ons saligheid hierna gesterf het nie.

- Sy verdienste aan die kruis het ook betrekking op ons lewe duskant die graf.
- Ons het as God se kinders in Christus 'n kinderreg op daaglikse brood.
    - Maar ons word deur die Here aangesê om daarvoor te bid.
    - Ons kan nie ons seëninge vanselfsprekend aanvaar nie.

Ons bid ook hierdie gebed onselfsugtig. Ons is nie die enigste vir wie die Here Jesus gesterf het nie. Die Vader het meer kinders.

- Daarom moet ons bid dat *ons* daaglikse brood kan ontvang.
- Dit is nie net ek wat behoefte het aan kos en klere nie – ander mense het ook hierdie behoefte.
- Ons moet nie uit gewoonte of sonder om te dink vir hulle behoeftes bid nie – ons moet vir hulle bid omdat daar 'n werklike liefde vir en meelewing met ons naaste in ons harte is.

As ons bid: Gee ons ons daaglikse brood, bely ons daarmee dat ons die sondes soos gierigheid, selfsugtigheid of jaloersheid en selfs onbarmhartigheid aflê.

- Die liefdesgebod kom hier in die gesigsveld.
- Ons het ons naaste so lief soos onsself, en daarom begeer ons vir hom dieselfde gawes van die Vader as wat ek nodig het.

Dit leer ons hoe ons hemelse Vader se liefde werklik is:

- Hy laat ons met liefde eet en versterk ons.
- Hy klee ons uit goedertierenheid.

Gee ons ons daaglikse brood het ook te doen met die seën in ons lewe. Ons bid byna almal elke dag aan ons etenstafel: "Vader, seën ons by die gebruik van hierdie gawe!"

Dit is 'n groot mondvol om te bid, en hoeveel van ons weet wat ons dan vra!

- In die eerste plek vra ons die Here om ons te seën op die manier waarop ons ons kos in die hande kry.
    - God alleen kan dit gee en daarom wil ons dit seënend uit sy hand hê.
- Tweedens vra ons dan die seën vir die doel waarvoor ons die voedsel gebruik, naamlik tot versterking van ons liggaam.
    - 'n Liggaam sonder voedsel verswak tog en as 'n liggaam lank genoeg nie voedsel kry nie, tree die dood in.

- Derdens bid ons ook dat die Vader die gevolg van die daaglikse gebruik van brood moet seën.
    - Dit beteken dat die Vader, deur ons daaglikse versorging in die liggaamlike, ons so moet seën dat dit tot gevolg het dat ons ons werk met sorg en nougesetheid sal kan doen.
    - Só dat ons, met verantwoordelike arbeid op die regte manier, voedsel en kleding ontvang.Kos en klere val nie uit die lug uit nie. God gee dit – dit is waar.
- Maar, Hy lê ook bepaalde verantwoordelikhede in hierdie verband op ons – ons moet elke dag werk daarvoor!
- Ses dae van elke week moet ons op die land werk (of waar ook al die Here vir ons werk gee).

Die sewende dag moet ons werk tot opbou van God se koninkryk op die aarde.

- Ons werk dan nie om met ons verdienste deur die mense gevlei te word nie.
- Enige mens wat eerlik en hard werk, leer gou dat die seën op ons arbeid van Bo af kom.

Ons bid met hierdie gebed dat die verborge kragte van God in ons moet werk sodat ons met ons arbeid sy gawes op die aarde kan laat gedy.

Wanneer ons Vader wat in die hemele is, ons seën met die dinge wat ons liggaamlik op die aarde nodig het, volg as ’n vrug daaruit dat ons ons lewe in dankbaarheid wy aan ons Drie-Enige God.

Maar dan moet ons dit eers weer goed verstaan:

- Die Here koop ons nie om te glo as Hy daaglikse middele aan ons verskaf nie.
- Nee, die feit dat Hy dit voorsien, leer ons glo.
- En, by die aanhoudende voorsiening, versterk dit ons geloof.

Die daaglikse versorging met voedsel en kleding laat ons besef hoe die Here ons ook geestelik toeberei vir die ewige lewe.

- ’n Vader voed tog nie net sy kind nie, hy leer hom ook waardes en voed hom op.
- So versorg die Vader in die hemel ons ook geestelik.
- Deur die daaglikse versorging word nie net ons liggame gevoed nie, maar word ook ons siele versterk tot die ewige lewe.

As ons dan bid vir brood, bid ons eintlik vir genade op alle vlakke van ons lewe.

- Ons kry dit omdat die Vader ons so liefhet. Ons kry dit alles deur die Here Jesus Christus.
- Hy is ons waarborg dat die Vader ons versorging nie sal nalaat nie.
- Hy is die Openbaring van die genade en liefde van die Vader vir ons.
- Hy is die Brood van die lewe deur wie ons vreugde in ons lewens ervaar.
- Hy voed die hoop op die ewige lewe in ons – deur die Heilige Gees wat Hy teruggestuur het om in ons te woon.
- Die Gees van God versorg ons gees met vrede, met moed en met troos as ons beproef word.
- Die Heilige Gees leer ons dat ons met brood as kinders van die Vader na liggaam en siel versorg word.

As ons dan bid: **Gee ons vandag ons daaglikse brood**, dan bid ons eintlik maar net met ander woorde dat:

- die Naam van God onder ons geheilig moet word,
- en dat sy wil op ’n hemelse wyse onder ons geopenbaar moet word.
- Hierdie openbaring is dan tog ook tot opbou van Gods koninkryk op die aarde.

Dit is dus noodsaaklik dat ons elke dag moet bid om ons daaglikse brood uit God se hand te ontvang.

Kom ons blaai saam na die Heidelbergse Kategismus Sondag 50 en kyk wat ons belydenis oor al hierdie dinge leer:

Vraag 125: Wat is die vierde bede?

Antwoord: *Gee ons vandag ons daaglikse brood. Dit is: Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is (a), sodat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is (b), en dat al ons sorge en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie (c). Gee daarom dat ons ons vertroue van alle skepsele aftrek, en op U alleen stel (d).*

(a) Ps 145:15; 104:27; Matt 6:26. (b) Jak 1:17; Hand 14:17; 17:27. (c) 1 Kor 15:58; Deut 8:3; Ps 37:16; 127:1, 2. (d) Ps 55:23; 62:11; 146:3; Jer 17:5, 7.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 2-5:3 (35:3)

3 Uit Hom – die Bron van alle goed; / deur Hom – wat alles dra en voed;
tot Hom – die eind van al wat streef, / wat is en word, wat roer en sweef,
tot Hom is alle dinge wat / Hy met een wilsgreep gans omvat,
Aan Hom, die God wat ewig lewe, / sy ewig lof en eer gegewe.

Die genade van die Here Die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 19 Oktober 2008